# 18 Augustus 2019

**1 Petrus 2 vers 9**

**"Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na Sy wonderbare lig."**

Vertoon die e-pos nie korrek nie? **Klik hier om die nuusbrief eerder op die internet te lees.**

## Program vir die Dag

09:00 Nagmaal in die saal
Die deurdankoffer gaan vir Radio Feba

## Program vir die Week

19 Augustus 12h45 – 14h00 Gebedskild in gebedskamer
20 Augustus 19h00 Leef@Kerk
21 Augustus 19h00 Kerkraadsvergadering
23 Augustus 05:00 Mannebyeenkoms, te Lilylaan 68

**Die kommunikamma is van Saterdae op die webwerf beskikbaar.**

## Nuusbrokkies

**Preke:**
Ons is tans besig met 'n 7 weke reeks, "7 Weke met Ritmes vir die lewe". Die boekies is by die kerkkantoor beskikbaar teen R20 elk.
Ds MG van Rooyen se preek van 28 Julie is op die **webwerf** beskikbaar.
**Skriflesing**: Kol 2:6-15, 2 Kor 3:18. **Tema**: Ons weerspieël Christus.

**Sake vir gebed**
Ons bid vandag spesiaal vir almal wat betrokke is by Radio Feba.
***Lees asseblief biddend*** die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

**There4-Bedieninge: Gebedsversoek vir Christene in Tajikistan**
Bid saam dat regeringsdruk sal afneem in Tajikistan en dat die land meer toeganklik sal word vir die Christendom. ***Foto***

**There4-Bedieninge** nooi jou uit om kaartjies van bemoediging te maak vir ons boeties en sussies in Egipte. Dinsdag 20 Aug '19 vanaf 10h00 tot 12h00. Kontak gerus die kantoor op 041 360 1946 of vir Melissa op 071 361 8780 indien jy belangstel.

12 Dames besoek in September, saam met There4-Bedieninge, Egipte, om vrouens wat in vervolging lewe te gaan bemoedig en na hulle harte te luister. Ons benodig: Bedsokkies, "pocket tissues", "Shower Gel" vir mans, luukse sepies en handeroompies, bv Oh So Heavenly.
Ons wil ook Bybels in die hande plaas van nuwe gelowiges @ R150 per Bybel.
Kontak asb ons kantoor vir verdere inligting: 041 360 1946

**Algoa Gemeenskapskerk – Bybelprojek**
Algoa Gemeenskapskerk wil Bybels uitdeel aan minderbevoorrgtes, gemeente jeug en kinders van Laerskool Piet Retief. Indien daar Bybels in jou huis is wat jy nie gebruik nie, kan dit by die kerkkantoor ingehandig word. Kontant donasies is ook welkom en sal gebruik word om nuwe Bybels aan te koop.

**Bybellees-Marathon**
Meer inligting oor die Bybellees-Marathon in Despatch is
op ***hierdie skakel*** bekikbaar. Gaan lees gerus die inligting en raak selfs betrokke by die projek.

## Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:
18Augustus – Olivia Els, Monica van Jaarsveld en Tian van Niekerk
19 Augustus – Elrie Maree, Igni Scheepers en Ethan Terblanche
20 Augustus – Mindie Friend, Marius Langenhoven, Beyra Strydom en Keagin van der Merwe
21 Augutsus – Ronel Crouse, Luhein Frazenburg, Robyn Kirchner, Annette Toerien en Salomé van Heerden
22 Augustus – Chooks Landman, Roos-Marie Strydom en Japie Theron
23 Augustus – Nonnie Botha, Tania van Wyk en Stanley Vermeulen
24 Augustus – Ann du Toit, Nico Oosthuizen, Suzette van der Walt, Jean-Roux van Huyssteen en Adri Vosloo

## Padkos

**Moenie daardie Sekuriteitswag afdank nie!**
Ek het al 'n paar keer probeer om daardie wag voor my mond af te dank van wie Psalm 141 praat. Dit was elke slag rampspoedig. In sulke tye het ek myself behoorlik in die moeilikheid ingepraat. Dan het ek gepraat voordat ek gedink het. Ek het ander seergemaak met skerp woorde. Ek het in woordstryde betrokke geraak wat my nie aangaan nie. Of ek het pleinweg net te veel gepraat. Spreuke waarsku teen sulke tipe woorde. Wyse mense kies altyd hulle woorde versigtig. Hulle is spaarsamig met hulle raad, kritiek en insigte. Daarom is dit altyd die moeite werd om na hulle te luister (Spreuke 16:21-23). Hulle praat kalm en rustig (Spreuke 17:28). Hulle weet hoe om hulle tong in toom te hou; daarom hou dit hulle uit gevaar (Spreuke 21:23). Hulle is nie kwaadstokers wat die vure van woede en rusie laat aanhou brand nie. Wyse mense weier dat hulle woorde in brandhout verander (Spreuke 26:20-21). Ek wil elke dag so praat. Daarom bid ek opnuut vandag saam met Dawid in Psalm 141:3 "Here, help my om nie onnodig te praat nie. Leer my om versigtig te wees met wat ek sê" (DB).

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert www.ekerk.org]

## Kubergroete tot volgende keer

Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal. www.getsnapscan.com